

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 8 No 7 Desember 2014
Personeelblad van die NWU

PLEGTIGHEID lui nuwe era in

Navorsers: die room van die oes

INHOUDSOPGAWE

- 2 “KISS” aanlyn
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish, die volgende 10 jaar is hier!
- 4 Nuwe era breek aan vir NWU
- 6 Universiteit vereer topnavorsers
- 8 Fokus op – Hoe om inligting aan te vra
- 9 NWU-kundiges kén hul storie
- 10 Wees meer betrokke, vra baanbreker
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 Ons mense – Fietsry is sy pad na gesondheid en geluk
- 16 Konferensie oor onderrig en leer floreer
En die wenner is...
- 17 Wat ons kollegas sê oor...
- 18 Wie het die beste geblink?
- 20 Toets toon die lewer se reaksie



Voorblad: Prof Dan Kgwadi is onlangs as vise-kanselier ingehuldig en Kgosi Leruo Molotlegi is as kanselier heringehuldig.

NEEM KENNIS:

Om ons koolstofvoetspoor te verklein, word die Eish! nou elektronies na alle personeel versprei – net diegene wat nie toegang tot rekenaars het nie, sal gedrukte kopieë ontvang. Kontak gerus ons Eish!-joernalis, Willie du Plessis, met enige nuuswenke of -navrae. Jy kan hom skakel by x99 4915 of willie.duplessis@nwu.ac.za.



“KISS” aanlyn

Mense wat vir 'n webomgewing skryf voel dikwels verplig om baie inligting te publiseer.

Dit geld ook vir mense soos bestuurders of direkteure wat nie self inhoud publiseer nie, maar inligting vir publikasie verskaf.

GROOT FOUT!

Internetgebruikers vluglees teks; indien die inligting nie hul aandag binne sekondes trek nie, verlaat hulle die webblad. Lang stukke teks sit weblesers geweldig af.

Pas die KISS-beginsel (*Keep It Short and Simple* of *Keep It Simple and Straightforward* – Hou dit kort en kragtig) toe wanneer jy vir die web skryf.

Daar is geen sin daarin om tonne inligting tot jou beskikking te hê as mense weier om dit te lees omdat die vraag inligting hulle afskrik nie.

HOU DIT EENVOUDIG

Kies liever 'n paar idees wat op 'n boeiende wyse aangebied word en mense dan die kans gee om meer inligting te kry indien hulle dit wil hê.

In plaas daarvan om 'n hele jaarverslag op 'n webblad te publiseer, plaas uittreksels vir diegene wat die hooftrekke wil lees en verskaf skakels na waar die hele dokument afgelaai kan word.

Hierdie benadering sal help om jou afdeling se beeld op die web vriendeliker en meer toeganklik te maak, want dit laat gebruikers toe om te kies aan hoeveel inligting hulle blootgestel wil word. Webgebruikers waardeur dit as jy die besluit aan hulle oorlaat!

Onthou om die Webkantoor te kontak vir enige webverwante navrae by WebOffice@nwu.ac.za.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. Eish! word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee.



BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

die Konvokasie (insluitende alumni) en die Raad van Donateurs. Insette van ander lede van die NWU-gemeenskap word ook steeds via e-pos ontvang. Die oorlegplegingsproses het op twee onderwerpe gefokus:

- Ons interne en eksterne suksesmodel ('n gemete beskrywing van hoe ons sukses in die lang termyn definieer)
- Ons identiteit (doel, droom en handelsmerkbefoorte, wat ooreenstem met ons huidige visie en missie)

Een van die elemente van die interne suksesmodel is om 'n doeltreffende organisasie-struktuur en bestuursmodel te vind vir die ontwikkeling van 'n universiteit met 'n geïntegreerde kultuur, sosiaal geïntegreerde kampusse en billike toewysing van hulpbronne. Tot nou toe het die huidige model goed gewerk, met 'n kampusrektor aan die hoof van elke kampus en 'n institusionele kantoor wat die strategiese leiding in beleids- en prosesontwikkeling verskaf.

Die model moedig egter die idee aan dat die kampusse semi-outonoom is en verskillende en moontlik niebelynde strategiese rigtings kan inslaan. Dit bevorder – bedoeld of onbedoeld – die idee van afsonderlikheid eerder as eenheid. 'n Hersiening van ons bestuursmodel sal nodig wees om te verseker dat 'n universiteitswye identiteit en kultuur ingebed word. Ons sal

gedurende 2014 en aan die begin van 2015 voortgaan om te werk aan en te konsulteer oor ander aspekte van strategie. Ons beplan om hierdie proses af te handel sodat ons die finale produk voor die einde van Junie 2015 aan die Raad kan voorlê.

Ek vertrou dat die huidige oorlegplegingsproses ons sal voorsien van – onder meer – 'n bestuursmodel wat tot 'n baie meer geïntegreerde universiteit met sosiaal geïntegreerde kampusse sal lei.

Gedurende 2015 sal ons julle ingelig hou oor die vordering van hierdie belangrike proses en sal ons voortgaan om ook jul insette te kry om ons denke te verryk. Vir verdere inligting oor die proses, gaan na:



Dankie aan julle, ons personeel, vir jul ondersteuning sedert my aanstelling. Gaan asseblief voort met jul bydrae om hierdie universiteit selfs beter te maak. Ek wens vir almal 'n geseënde Kerstyd en 'n voorspoedige nuwe jaar toe.

Vriendelike groete

Prof Dan Kgwadi
Visekanselier

Beste kollegas

Vanjaar het ons die tiende bestaansjaar van die NWU gevier.

Nou, op die vooraand van 2015, is die universiteit by 'n kritieke punt van sy geskiedenis: ons moet 'n strategiese agenda vir die universiteit formuleer vir die volgende 10 jaar, tot 2025.

Soos julle weet, het die leierskapspan in die tweede helfte van 2014 met 'n bosberaad-proses begin, gevolg deur 'n oorlegplegingsproses in November om die span se strategiese denke te verfyn.

Daar is reeds of sal nog oorleg gepleeg word met die Senaat, die Institusionele Forum, die Institusionele en kampus- verteenwoordigende studenterrade, die uitgebreide kampusbesture (insluitende dekane en akademiese direkteure),

Eish!, die volgende 10 jaar is hier!

Hierdie jaar het ons die NWU se 10 jaar lange reis van groei en ontwikkeling gevier.

Die NWU se pad sedert die samesmelting op 1 Januarie 2004 was nie altyd pylreguit nie – daar was ook kronkels waarlangs die nuut saamgesmelte universiteit sy weg versigtig moes baan.

Tog, met wysheid en 'n gedeelde visie van uitnemendheid as die eindbestemming, het die NWU sy reis vasberade voortgesit.

Een van die talle mylpale langs die pad was die groei in navorsing. Die NWU se geweege navorsingsuitseteenhede het byvoorbeeld die afgelope 10 jaar met 183,5% gegroei. Lees gerus op p 6 en p 7 oor die NWU-navorsers

wat onlangs vereer is vir hul waardevolle bydraes tot hierdie suksesverhaal.

Nou, op die vooraand van die volgende hoofstuk van die NWU-verhaal, het die universiteit met 'n proses begin om 'n nuwe strategiese agenda vir die volgende 10 jaar te formuleer. (Meer hieroor in die visekanselier se boodskap hierbo.)

Wanneer die NWU die volgende skof van sy reis aanpak, sal dit wees met prof Dan Kgwadi, visekanselier, aan die stuur, en Kgosi Leruo Motlengi, kanselier, aan sy sy. (Meer oor prof Dan se inhuldiging en Kgosi Leruo se herinhuldiging op p 4 en p 5.)

Wanneer die NWU in 2015 die eerste tree gee om die volgende tienjaarreis aan te pak, sal dit

met die wete wees dat ons – met julle volgehoue bydraes en ondersteuning – kan voortbou op die vorige dekade se prestasies.

Mag die komende feesseisoen vir almal seën inhou en mag 2015 'n gelykpad bring.

Lekker lees,

Nelia en die Eish!-span



Nuwe era breek aan vir NWU



Prof Dan Kgwadi is onlangs ingehuldig as visekanselier terwyl Kgosi Leruo Molotlegi heringehuldig is as kanselier van die NWU.

Die inhuldiging van prof Dan Kgwadi as die tweede visekanselier van die NWU is die begin van 'n nuwe en opwindende era vir die universiteit.

Aan sy sy is Kgosi Leruo Molotlegi, koning van die Koninklike Bafokengstam, wat vir 'n tweede termyn as kanselier van die NWU ingehuldig is.

Prof Dan se inhuldiging en Kgosi Leruo se herinhuldiging het op 26 September by die Mafikeng Konvensiesentrum plaasgevind.

NUWE STRATEGIESE RIGTING VIR DIE NWU

Prof Dan is vir 'n termyn van ses jaar aangestel en beklee die amp sedert 1 April 2014.

By die inhuldiging het prof Dan gesê die universiteit is by 'n kritieke punt in sy geskiedenis en besluite wat nou deur die Raad geneem word, sal verreikende gevolge vir die toekoms inhou.

"Ons moet seker maak dat ons die universiteit reg posisioneer om toekomstige uitdagings die hoof te kan bied. Hierdie uitdagings het

te doen met die plek van die NWU in die Suid-Afrikaanse hoërondewyslandskap en die bydrae wat ons kan maak tot die welstand van ons land, die vasteland, en die wêreld."

Hy het ook gesê onlangse evaluering van die universiteit se prestasie dui daarop dat daar weer gekyk moet word na die transformasietrajek.

"Dit sal toegewyde en passievolle leierskap, politieke wil en gesentraliseerde bestuur vereis, wat sal lei tot 'n getransformeerde en geïntegreerde kultuur en identiteit vir die universiteit."

Het jy geweet?

- Vóór sy aanstelling as die NWU se visekanselier was prof Dan die rektor van die Mafikengkampus. Hy het sy loopbaan afgeskop as 'n fisika-onderwyser by Phatsima Hoërskool en ook gedien as:
 - senior bestuurder/assesserings-koördineerder by die Nasionale Kernreguleerder;
 - hoof van die Fisika-departement by die Vaal Universiteit van Tegnologie;
 - dosent en hoof van die Fisika-departement aan die Universiteit van Noordwes; en
 - navorsings- en onderrigassistent by die Ball State-Universiteit in die VSA.
- By Ball State is hy ter erkenning van sy prestasie in fisika toegelaat tot die sigma-pi-sigma-erevereniging.
- Prof Dan het 'n passie vir valskerm-spring en het 'n sertifikaat by die Amerikaanse Valskermvereniging gekry vir die voltooiing van 'n aantal suksesvolle spronge.



Prof Dan Kgwadi word ingehuldig as visekanselier. Die seremonie word waargeneem deur prof Marlene Verhoef, institusionele registrateur.

1. Prof Fika Janse van Rensburg, dekaan van Teologie op die Potchefstroomkampus en prof Eno Ebenso, dekaan van Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus, is deel van die proses wat die saal verlaat ná die herinhuldiging van Kgosi Leruo Molotlegi en die inhuldiging van prof Dan Kgwadi.

2. Kgosi Leruo Molotlegi word heringehuldig as kanselier van die NWU. By hom is me Itumeleng Pooe, waarnemende voorsitter van die NWU Raad.



Het jy geweet?

- Kgosi Leruo is die 36ste opperheerser van die 800 jaar oue Bafokeng Koninkryk.
- Hulle het ook respek vir die Bafokengkultuur bevorder en die stam se ekonomiese selfstandigheid uitgebou.
- Kgosi Leruo glo die dringendste hervorming wat in die openbare onderwysstelsel nodig is, is om jong mense te help om 'n kopskuif te maak om groter verantwoordelikheid vir hulself en hul gemeenskappe te aanvaar, om openheid met entoesiasme te aanvaar en om 'n ingesteldheid van vasberadenheid, geduld en volharding te kweek.
- Kgosi Leruo is ook 'n argitek en 'n vastelervklieënier.

Prof Dan sê hy is daartoe verbind om eenheid by die NWU te versterk. "‘n Enkele universiteitskultuur en -identiteit sal 'n geïntegreerde universiteit met billike voorsiening van hulpbronne op alle kampusse meebring."

TOETS KENNIS IN DIE PRAKTYK

Kgosi Leruo Molotlegi sal vir 'n verdere vyf jaar dien as kanselier, die titulêre hoof van die universiteit wat alle grade in die naam van die universiteit toeken.

Tydens sy aanvaardingstoespraak het hy gesê die verhouding tussen die universiteit en die gemeenskap moet 'n wedersydse proses van leer wees.

"So 'n vennootskap moet begin met eenstemmigheid oor die vrae wat gevra moet word, en moet voortgaan deur die toetsing en toepassing van die bevindinge. As ons ons tegniese kennis in die praktyk toepas, leer ons opnuut wat werk en wat nie werk nie – dit is die belangrikheid van konteks en die belangrikheid van kommunikasie."

Hy sê die NWU het 'n lang geskiedenis van advies aan praktisyns, hetsy in landbou, mynbou of die regering.

"Hierdie kennis is uiters waardevol, en ons moet daarop voortbou.

Ons kan nie bekostig om die waardes in gevaar te stel of te verloor wat met moeite opgebou is deur diegene wat ons by hierdie universiteit voorafgegaan het nie," het Kgosi Leruo gesê.



Prof Dan Kgwadi

Universiteit topnavorsers

Meer as 60 NWU-personeellede het op Vrydag, 7 November 2014, by 'n galageleentheid in Potchefstroom erkenning gekry vir uitnemendheid in navorsing, innovasie, gemeenskapsbetrokkenheid en kreatiwiteit.

Prof Dan Kgwadi, visekanselier van die NWU, het gesê die aand was ter viering van die feit dat die NWU se navorsing steeds met rasse skrede vooruitgaan. Hy het klem gelê op die belangrikheid van navorsing wat nie net plaaslik 'n impak het nie, maar ook internasionaal.

Prof Dan het bygevoeg dat die NWU voortaan sal fokus op die internasionalisering van navorsing. Hy het gesê die ontvangers van die toekennings het uitstekend presteer in 'n tyd van verandering vir die universiteit. Hy het veral baie lof gehad vir die groot aantal jonger akademici wat goed presteer het.

"Ons navorsers stel die NWU in staat om 'n belangrike rol te speel in die lewering van kapasiteit vir Suid-Afrika.

Ons was baie suksesvol met die implementering van die doelwitte wat ons vir onself geskep het."



MEES PRODUKTIEWE NAVORSER

Beter omstandighede vir boere



Prof Oladimeji Oladele van die Mafikeng-kampus is die NWU se Mees Produktiewe Navorsers vir 2014. Hy is 'n professor in landbou-uitbreiding en doen navorsing oor hoe uitbreidingsdienste boere se sosio-ekonomiese omstandighede en voedselsekureitheid kan verbeter. Hy glo die aard van landbou in die praktyk vereis dat landboustudente ten volle bevoeg moet wees in die verskillende spesialisvelde van landbou. Hulle moet nie net konsentreer op opleiding wat op eng aspekte van landbou fokus en ander uitsluit nie.

Prof Oladimeji Oladele

NAVORSINGS- UITNEMENDHEID OP INTERNASIONALE VLAK

Korrosie moet bekamp word



Prof Eno Ebenso van die Mafikeng-kampus is vereer vir navorsingsuitnemendheid op internasionale vlak. Die toekenning word gemaak ter erkenning van hoëgehalte-uitsette van navorsers wat gereeld aangehaal word in hul vakgebiede.

Prof Eno is passievol oor die bekamping van korrosie, wat 'n wêreldwye uitdaging is, en doen tans uitgebreide navorsing saam met verskeie groepe.

Prof Eno Ebenso

vereer

INTERNASIONALE LEIERSKAP IN NAVORSING

Hulle lei internasionaal

Die Internasionale Leierskap in Navorsing-toekenning het gegaan aan prof Alta Schutte en prof Markus Böttcher vir hul uitnemende leierskap in internasionale organisasies en hul internasionale bydraes. Alta lei die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoeleinitiatief (SARChi) se leerstoel vir vroeë opsporing en voorkoming van kardiovaskulêre siekte in Afrika en is 'n spanlid van die NWU se Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) wat navorsing doen oor die groot probleem van hipertensie. Markus lei die SARChi-navorsingsleerstoel vir astrofisika en ruimtefisika in die Sentrum vir Ruimtenavorsing en is voorsitter van die Suid-Afrikaanse Astronomieprogram. Hy doen navorsing oor hoë-energie-astrofisika.



Prof Markus Böttcher en prof Alta Schutte

MEES PRODUKTIEWE JUNIOR NAVORSER

Natuur lok toeriste



Prof Martinette Kruger van die Skool vir Ondernemingsbestuur op die Potchefstroomkampus was 2014 se Mees Produktiewe Junior Navorsers. Dit is die tweede opeenvolgende jaar dat sy so vereer is. Haar navorsing behels 'n studie van watter tipe mense reis om natuurlike verskynsels soos die blomme in Namakwaland te gaan kyk, en sy verken maniere om die mark vir hierdie gebeurtenisse te optimaliseer.

Prof Martinette Kruger



MEES PRODUKTIEWE NAVORSINGS- ENTITEIT

Teologie se rol in maatskaplike ontwikkeling



Die Navorsingseenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die SA Samelewing op die Potchefstroomkampus het die toekenning vir die Mees Produktiewe Navorsingsentiteit ontvang. Die eenheid streef daarna om 'n wetenskaplike bydrae tot belangrike teologiese debatte in Suid-Afrika te lewer, veral dié wat betrekking het op die normatiewe funksie van kanonieke Skrifte en die bydrae van Christelike gemeenskappe tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Prof Fritz de Wet is die direkteur van die mees produktiewe navorsingsentiteit.



Fokus op Hoe om inligting aan te vra



In Augustus het die institusionele afdeling, Rekordbestuur en Administrasie, 'n inligtingstuk aan alle NWU personeel gestuur oor twee wette wat van toepassing is op die verkryging en beskikbaarmaak van inligting. Eish! het met me Amanda van der Merwe, bestuurder van dié afdeling, gesels oor die wetgewing en oor die manier waarop mens inligting moet aanvra.

V: *Watter twee wette is betrokke?*

A: Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI).

V: *Wat is die verskil tussen dié twee wette?*

A: Die PAIA-wet gaan oor die beskikbaarmaak van ALLE inligting met beperkte uitsluitings (onthou dat toegang tot inligting 'n mensereg is soos vervat in die Handves van Menseregte in die Grondwet arikel 32). Die POPI-wet gaan spesifiek oor die beskikbaarmaak en hantering van mense se PERSOONLIKE inligting en hou verband met die mensereg van privaatheid (artikel 14 van die Grondwet).

V: *Daar is blykbaar 'n aanlyn vorm wat mens moet invul as jy inligting wil hê?*

A: Ja, dit is die PAIA aanlyn vorm wat mense moet voltooi as hulle inligting soek wat nie reeds algemeen beskikbaar is op ons stelsels nie. Wat baie belangrik is, is dat hierdie vorm vir ALLE inligting ingevul moet word, insluitende persoonlike inligting.

V: *Hoe reageer mense tot dusver op die vorm?*

A: Die talle velde wat voltooi moet word, ontmoedig sommige mense, maar net 'n handvol is regtig van toepassing op die meeste mense. Die stelsel wil eintlik net weet wie jy is, wat jou belang by die inligting is en watter inligting jy soek. By die ander velde kan jy net nie van toepassing invul – maar onthou, álle velde moet voltooi word voor die vorm ingedien kan word.

V: *Een van die velde gaan oor geld wat betaal moet word vir inligting – is dit van toepassing op personeellede?*

A: Nee, dit is een van die velde waar jy net nie van toepassing kan invul. Hoewel ons volgens wet geregtig is om geld te vra vir die hantering van die versoek, doen ons dit nie.

V: *Kan ons nie die vorm vereenvoudig nie?*

A: Nee, ons mag nie. Die formaat word deur die PAIA-wet voorgeskryf.

V: *Watter aanlynstelsel gebruik ons?*

A: Ons gebruik sedert Junie vanjaar 'n stelsel wat deur Summa Networks, 'n ontwikkelaar van internet-toepassings, ontwikkel is. Organisasies soos onder meer Telkom, Eskom, Sasol en die Universiteit van Johannesburg gebruik dit ook.

V: *Wat is die voordele van dié stelsel?*

A: Die stelsel bereken onder meer hoeveel versoeke ons kry, hoeveel daarvan toegestaan of van die hand gewys word, en hoe lank dit neem om 'n spesifieke versoek af te handel.

Dit maak dit vir ons baie maklik om aan die einde van die jaar die verslag wat ons aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie moet stuur, saam te stel. Voorheen moes ons hierdie berekenings met die hand doen. Nog 'n voordeel is dat ons aan die einde van die jaar kan sit en kyk na watter soort inligting gevra is. As ons byvoorbeeld sien dat baie mense bepaalde inligting soek wat nie algemeen beskikbaar is op ons stelsels nie, en wat nie teen die wet op

persoonlike inligting is nie, kan ons sulke inligting voortaan algemeen beskikbaar maak.

V: *Waar kry mens die PAIA-vorm?*

A: Gaan na die landingsbladsy van die NWU-web. Regs op die bladsy is Kitsinligting. As jy daar op Wet op Toegang tot Inligting klik, neem dit jou na 'n bladsy waar meer inligting hieroor verskaf word. Wanneer jy op die woord Versoekvorm (in die tweede paragraaf op hierdie bladsy) klik, neem dit jou na die vorm.

V: *Hoe verloop die proses nadat ek my vorm elektronies ingedien het?*

A: Die stelsel stuur jou vorm na my. Ek kyk watter tipe inligting jy soek en klank ook sekere versoeke met Institusionele Regsdienste en stuur die versoek dan na die betrokke persoon wat dit kan verskaf. Dié persoon stuur die inligting na my terug en ek heg dit aan 'n pro forma e-pos wat ek aan jou stuur. As 'n versoek nie toegestaan kan word nie, stuur ek ook 'n pro forma e-pos aan jou waarin ek die redes gee waarom die versoek onsuksesvol was.



NWU-kundiges ken hul storie



30
SEP
2014


"Die belangrikheid van nagraadse studie in Suid-Afrika is in baie nasionale dokumente benadruk. Spesifiek die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP, 2012) het 'n teiken gestel om die aantal doktorsgrade te verhoog vanaf 1 400 per jaar landswyd tot 6 000 teen die jaar 2030. Dit is 'n groot uitdaging vir hoër onderwys in Suid-Afrika en ook vir die NWU en spesifiek die Potchefstroomkampus. Maar dit is 'n uitdaging wat ons entoesiasies aanvaar."

Prof Amanda Lourens, Viserektor: Navorsing en Beplanning, Potchefstroomkampus. "NWU hosts first postgraduate open day", *Mail & Guardian* virtualpressoffice, 30 September 2014.



Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoet – tydens toesprake of onderhoude met die media.

In hierdie voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



16
OKT
2014

"Ons moet en behoort nie transformasie-verskrik te wees nie. Transformasie is deel van die ganse proses van beskawingsontwikkeling... en is nooit 'n afgehandelde proses nie. Indien geen transformasie in 'n samelewing plaasvind nie, lei dit tot stagnasie. Dit is die dood in die pot, ook en veral vir die universiteit."

Prof Dawid Gerike, Fakulteit Onderwys en Opleiding, Mafikengkampus. "Jag op aannames bring ontwikkeling", *www.netwerk24.com*, 16 Oktober 2014.



20
SEP
2014

"Kinders wat ander geloofsoortuigings as die meerderheid het moet nie uitgesonder word nie, want dan viktimiseer jy hulle. Daar is 'n groot verskil tussen respek en viktimisering. Vir 'n kind se ontwikkeling sal dit ook fataal wees."

Prof Cornelia Roux, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Potchefstroomkampus. "Klap hande vir die wat anders glo", *Die Burger*, 20 September 2014.



27
OKT
2014

"Hierdie navorsingstentoonstelling is 'n uitstalling van die navorsing wat in die Noordwesprovinsie oor die Noordwesprovinsie gedoen word... Die doel van hierdie samewerkende benadering is om kapasiteit te bou in die provinsie vir besluitnemers en staatsamptenare om beleide te maak op grond van bewyse."

Prof Lumkile Lalendle, Viserektor: Onderrig, Leer- en Kwaliteitsversekering, Mafikengkampus. "North-West University, North West Government host research showcase", *Mail & Guardian* virtual-pressoffice, 27 Oktober 2014.

"Drinkwater is belangriker as kragopwekking. Die Vaalrivier moet beskerm word vir so lank as wat ons dit kan doen."

Prof Johann Tempelhoff, Skool vir Basiese Wetenskappe, Vaaldriehoekkampus. "Proposed Vaal River coal mine pits clean water against power supply", *Sunday Times*, 5 Oktober 2014.



5
OKT
2014



Wees betrokke, vra

In hierdie uitgawe praat Eish! met me Prem Coopoo, die eerste studentedekaan op die Vaaldriehoekkampus. Prem vertel vir ons van haar werk, haar lewensuitkyk en haar gesin.

Me Prem Coopoo glo dat dit belangrik is vir studente om betrokke te wees in die universiteitsgemeenskap. Sy sê studente moet van die universiteit 'n plek maak waar hulle hulself ontwikkel – ontwikkeling wat meer behels as net die kennis wat hulle opdoen deur die kursusse waarvoor hulle ingeskryf het.

BETROKKENHEID HET 'N RYK ERFENIS

“Studente wat aktief betrokke is, is akademies suksesvol. Hulle kan die meeste maak van hul universiteitsjare en kan in die daaropvolgende jare 'n erfenis van wonderlike herinneringe geniet,” sê Prem.

As daar één boodskap is wat sy graag by studente en veral studenteleiers wil tuisbring, is dit dat hulle moet aanbeweeg vanaf studentebestuur tot selfbestuur.

SY MAAK GESKIEDENIS

Prem is die eerste studentedekaan op die Vaaldriehoekkampus. Hierdie baanbreker sê sy sien kans vir die uitdagings wat op haar wag. “Ek is baie opgewonde. Ek was al twee keer vantevore studentedekaan by ander universiteite en het dus nou die geleentheid om beste praktyk op 'n nuwe kampusrol toe te pas.”

Me Prem Coopoo

As studentedekaan sal Prem die strategiese visie verskaf vir alle studentesake-dienste. “Dit gaan oor die skep van positiewe leerervaringe vir studente en om te verseker dat die Vaaldriehoekkampus 'n kwaliteit-studentelewe bied wat studente sal voorberei op die lewe daarna.”

Sy sê haar kantoor skep 'n oop, verwelkomende en inklusiewe omgewing wat alle studente koester en bemagtig. Dit behels die verbetering van hul akademiese prestasie en intellektuele uitnemendheid deur doeltreffende leergemeenskappe te bou wat daarop fokus om studente en personeel aktief betrokke te maak.

“Ek sal deurlopend assesserings doen met die oog op die daarstel van beleide en programme wat aan die veranderende behoeftes en belangstellings van studente voldoen,” sê sy entoesiasties.

STUDENTEONTWIKKELING IS NOODSAAKLIK

Prem sou graag wou sien dat 'n etos van studenteontwikkeling en student-gesentreerdheid ingebed raak op die Vaaldriehoekkampus. “Ons werk moet die akademiese missie van die NWU

My gunstelingboek: *The Power of Now* deur Eckhart Tolle.

My gunstelingkos: Enigiets speseryagtigs, met baie rissies daarin.

My gunstelingssport: Ek is lief vir krieket, sokker en tennis. My gunstelingspanne is die Proteas en Indië vir krieket, Orlando Pirates vir sokker en die Williams-susters vir tennis.



baanbreker

ondersteun; dit is nie onderhandelbaar nie." Haar professionele agtergrond stel haar in staat om hierdie uitdaging op te neem. Sy het al by vier ander universiteite gewerk; as 'n akademiese vir vyf jaar en in studentesake vir 24 jaar.

"Ek is lief vir my werk en ek is trots daarop om 'n daadwerklike verskil te maak in die lewens van baie studente," sê sy trots. Die impak van haar werk kan duidelik gesien word in al die toekennings wat sy reeds ontvang het vir haar betrokkenheid by studentesake by die verskillende universiteite.

DIE GESIN AGTER PREM

Prem het haar man, Yoga, op universiteit ontmoet. Die paartjie is gelukkig getroud en het vanjaar hul 34ste huwelikshedenking gevier. Yoga is 'n professor en tans hoof van die Departement Sportwetenskap by die Universiteit van Johannesburg.

Hulle het twee pragtige kinders. Kevanya (27), die oudste, is 'n mediese dokter wat besig is met haar gemeenskapsdiens. Sy beoog om in 2015 in pediatrie te spesialiseer. Verushen (19) is 'n eerstejaarsstudent in Bio-Mediese Ingenieurswese by Wits.

"Al twee my kinders is menseregte-aktiviste. Hulle sal jou voor stok kry as jy 'n rassistiese opmerking maak of rommel strooi in 'n publieke ruimte. Ek het hulle geïmmuniseer teen

mense wat die heeltyd negatief is."

Prem sê haar gesin is vir haar baie belangrik. "Ons gebruik elke beskikbare oomblik om bord- en vasvraspeletjies en so aan te speel. Ons vriende en uitgebreide familie weet al dat my huis die amptelike basis vir hierdie soort aktiwiteite is, wat partykeer eindig in ... oorlog!" sê sy spottenderwys.

ONTSPANNING BEHELS

DEELNAME

Getrou aan haar filosofie oor betrokkenheid moedig Prem die spelers graag luidkeels aan terwyl sy haar gunstelingsportsoorte, tennis en krieket, kyk.

Sy voeg by dat haar gesin dit betwyfel dat dit besonder ontspannend kan wees – gegewe die harde gejuig soos wat sy haar gunsteling aanmoedig.

Prem vind haar slaaptydleswerk en tuinmaak die ontspannendste van alles. Dit is wanneer sy 'n bietjie 'ek-tyd' kan geniet, sê sy.

Drie mense wat ek graag sal wil ontmoet: Barack Obama vir sy intelligensie, welsprekendheid en charisma, Mr Bean sodat ek sy nek kan omdraai en Denzel Washington (my geheim).

Wat ek nie van hou nie: Mense wat net sal doen wat in hul posbeskrywings staan en niks meer nie.

Die tipe student wat ek was: Ek was gefokus, georganiseerd en ek het geweet wat

ek doen. Ek was ook die kok in ons groepie van ses goeie vriende in die koshuis.

My rolmodelle: My rolmodelle is familieleden wat gewone huisvroue was. Hulle was veerkragtig, was nie tevrede met middelmatigheid nie, het wonderlike waardes gehad en was deernisvol maar kon hulself laat geld.

Ongelukkig is al twee nou reeds oorlede; een van hulle was my ma.



Prof Eno is die NWU se nuutste lid van ASSAf

Prof Eno Ebenso, dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, is die nuutste NWU-akademiër wat deur die Wetenskapsakademie vir Suid-Afrika (ASSAf) as lid verkies is.



ASSAf verteenwoordig die land in die internasionale gemeenskap van wetenskapakademië. Lidmaatskap is slegs op uitnodiging en net die room van die oes word gekies.

“Dit is vir my ‘n groot eer om lid te word van hierdie prestigierike liggaam, en ek sal my bes doen om ‘n bydrae te lewer tot ASSAf se bedrywighede en wetenskapsbeoefening in Suid-Afrika,” sê Eno, ‘n Nasionale Navorsingstigting- (NNS-) gegradeerde navorser in chemie.

Eno is een van die mees produktiewe navorsers op die gebied van korrosiewetenskap in die wêreld en tans die derde mees produktiewe outeur op die gebied van korrosie-inhibisie.

Hy sluit aan by ‘n lang lys vooraanstaande NWU-akademië wat ASSAf-lede is.

Prof Eno Ebenso is die NWU se nuutste lid van die Wetenskapsakademie vir Suid-Afrika. Hy het al meer as 200 publikasies in plaaslike en internasionale eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte gepubliseer en word dikwels aangehaal in Scopus Citations, die grootste opsommings- en aanhalingsdatabasis van eweknie-geëvalueerde literatuur.

Regstudente maak kampus trots

Vier regstudente het die kampus trots gemaak toe hulle aangewys is as die algehele wenner van die interkampus JUTA-NWU Kriminele Skynhofkompetisie vir tweede- en derdejaarstudente wat in September op die Potchefstroomkampus gehou is.

Die kampus het twee spanne in die semi-finaal gehad. Een van die spanne, bestaande uit tweedejaar-LLB-studente Oarabile Isaac Modiko, Reitumetse Senaoana, Kadafi Lehabe en Linda Mhlango, het dit in die finale rondte teen die Vaaldriehoekkampus uitgespook.

Die seëvierende Mafikengspan (verdediging) en die Vaaldriehoekspan (staat) het mekaar gepak in ‘n saak van aanranding tydens huishoudelike geweld. “Die interkampuskynhof is ‘n wonderlike geleentheid vir ons kampus en regstudente om hul hofvaardighede te ontwikkel,” sê me Estie Gresse, ‘n dosent en Regsfakulteit-verteenwoordiger.

Die studente wat aan die hofverrigtinge deelgeneem het, het die ervaring geniet en gevoel dat dit ‘n positiewe effek gehad het op hulle beskouing van die wet.

Kampus onderteken MvV met nywerheidsreus

Die kampus en MINTEK het op 9 Oktober 2014 ‘n Memorandum van Verstandhouding (MvV) onderteken wat die basis vir potensiële wetenskaplike en tegniese samewerking omskryf.

MINTEK is Suid-Afrika se nasionale minerale navorsingsorganisasie en spesialiseer in mineraalprosessering- en veredelings-tegnologie. Die vennootskap met die kampus fokus op navorsing, ontwikkeling en opleiding, die uitruil van wetenskaplike en tegniese kennis, die aanvul-

ling van wetenskaplike en tegniese vermoëns, en die oordrag van tegnologie in verskeie wetenskappe, sowel as metallurgiese en mineraalprosessering en veredeling.

Gesamentlike navorsing sal by die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie gedoen word. “Ons hoop dat hierdie vennootskap met die NWU mettertyd sal lei tot wetenskaplike vooruitgang in Suid-Afrika en verder,” sê dr Makhapa Makhafola, algemene bestuurder vir navorsing en ontwikkeling by MINTEK.

“Ons is dankbaar vir die maatskappy se belegging en bereidwilligheid om ‘n vennootskap met die universiteit aan te gaan.

“Ons is veral entoesiasies oor die mylpale wat ons kan bereik op die gebied van wetenskap, landbou en tegnologie wat so relevant is vir ons Suid-Afrikaanse samelewing,” sê prof Mashudu Davhana-Maselesele, rektor van die kampus.

As ‘n wêreldwye leier in die verskaffing van mineraalprosessering en metallurgiese ingenieursprodukte en -dienste aan industrieë, glo MINTEK dat sterk samewerkingsooreenkomste die sleutel is tot die omskepping van wetenskap in baanbreker-navorsing.

Die kampus en MINTEK sal in die toekoms kragte saamsnoer om wetenskap in Suid-Afrika en verder te bevorder. Dr Makhapa Makhafola van MINTEK en prof Mashudu Davhana-Maselesele, rektor, het die Memorandum van Verstandhouding onderteken.



Biblioteek kry nog 'n donasie vir opgraderings

Vrygewigheid is in die lug. Die Professional Provident Society (PPS) het onlangs 'n tweede finansiële bydrae, hierdie keer van R250 000, aan die Ferdinand Postma Biblioteek gemaak.

Die eerste toekenning van R300 000 is aangewend vir toerusting vir die Navorsingsmeent (vir meesters- en doktorsale studente en ander navorsers) wat aan die einde van Maart amptelik geopen is. Die tweede donasie sal nou aangewend word om die opleidingslokaal op die grondvloer met rekenaarwerkstasies toe te rus.

Volgens me Elsa Esterhuizen, die direkteur, sal die grondvloer in 'n Inligtingsmeent vir voorgaande studente omskep word. Dit behels die installasie van ten minste 90 rekenaarwerkstasies vir studente en vyf groepstudiekamers, asook 'n praktiese opleidingsfasiliteit met 42 werkstasies waar studente van alle studievlakke opgelei kan word in die gebruik van elektroniese bronne en databasisse. "Ons is dankbaar vir die PPS se ruimskeutse donasie. Hulle finansiële ondersteuning stel die biblioteek in staat om wêreldklas geriewe vir voorgaande en nagraadse studente beskikbaar te stel."



NWU-sonkar loop op sonskyn

Die NWU het 'n goeie poging aangewend tydens die 2014 Sasol Solar Challenge van 27 September tot 4 Oktober en hulle sonkar, Sirius X25, het algeheel vierde geëindig.

Die NWU-span was tweede van die Suid-Afrikaanse mededingers, net 60 km agter die Universiteit van KwaZulu-Natal en 700 km voor die vyfdeplek-wenner, die Universiteit van Johannesburg. Delft Universiteit van Tegnologie in Nederland het die wedren gewen.

Vanjaar se resies het afgeskop met slegte weer, wat die uitdaging vir almal bemoeilik het aangesien die son die enigste kragbron is. Op die sesde dag het die NWU-span 'n terugslag gehad toe die kar se batterye moeilikheid gegee het. Maar die probleem is vinnig opgelos en die Sirius X25 kon die volgende dag sonder probleme wegtrek.

Die resies trek mededingers met buitengewone kundigheid in wetenskap, tegnologie en ingenieurswese, en dit is inderdaad 'n groot prestasie om 2 360,6 km (meer as dubbel die span se afstand in 2012) af te lê as mens net op sonkrag aangewese is.

Die span het pryse gewen vir die verste afstand afgelê deur 'n Suid-Afrikaner per dag in die geskiedenis van die Sasol Solar Challenge, sowel as 'n Spankommunikasie-toekenning vir uitstekende gebruikmaking van sosiale media.

Die Sasol Solar Challenge, wat elke tweede jaar plaasvind, is 'n goeie aanduiding van die vordering wat gemaak word met navorsing oor volhoubare vervoer en bevorder die beoefening van wetenskap, tegnologie en ingenieurswese. In 2012 het die NWU die eerste plek gedeel met die Japannese span van Tokai.

Akademikus ontvang navorsingsleerstoel van WHO

Die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) in Genève het een van sy prestigierike leerstoel aan prof Wilma Viviers, leier van die TRADE-

navorsingsentiteit op die kampus toegeken. Wilma se baanbrekernavorsing oor handel en ontwikkeling het vir haar 'n plek as een van die

voorstes in haar beroep verseker deur die manier waarop plaaslike uitvoerders buitelandse markte assessee, te herdefinieer. Sy is formeel op Woensdag 17 September 2014 vereer as een van sewe kandidate wêreldwyd wat uit 'n groep van ongeveer 80 aansoekers deur die WHO gekies is vir sy nuutste leerstoelprogram.

Prof Wilma Viviers is een van slegs sewe kandidate ter wêreld om 'n WHO-Leerstool hierdie jaar te ontvang. Mnr David Shark, adjunkdirekteur-generaal van die WHO, prof Dan Kgwadi, die NWU se visekanselier en mnr Maarten Smeets van die WHO wens haar geluk by die WHO-leerstool se bekendstelling.



Wilma sê die WHO-leerstool bied aan haar en haar TRADE-span 'n geleentheid om by te dra tot die beleidsdebat deur hoëvlaknavorsing en betrokkenheid, in 'n tyd wat handelsverwante uitdagings en vraagstukke oor globale mededingendheid hoog op die agenda is – in Suid-Afrika sowel as in die omliggende streek. "Die leerstoel sal ook verseker dat die NWU op die voorpunt van navorsing bly."

Terselfdertyd sal die leerstoel die talente van nuwe en meer ervare navorsers koester, en die aantal en gehalte van sy meesters- en PhD-studente uitbrei en verbeter.



UITEINDELIK – kundige hulp met redigering en vertaling

As jy 'n dosent, 'n skrywer, 'n PhD- of meestersgraadstudent – of enige ander tipe student – is en nooit weet waar om hulp te kry met taalversorging- of vertaal-dienste nie, is hierdie artikel vir jou.

Die Sentrum vir Vertaling en Professionele Taaldienste (CTrans), 'n taaldiensverskaffer op kampus, lewer dienste aan plaaslike en internasionale kliënte in al 11 Suid-Afrikaanse tale, sowel as in enkele Europese tale.

CTrans bied vertaling, proeflees, subtitel-werk en redigering van verhandelings en proefskrifte teen baie bekostigbare pryse – deur die mees ervare, gekwalifiseerde en mees bevoegde taalpraktisyns.

“As 'n geregistreerde korporatiewe lid van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut maak ons gebruik van gekwalifiseerde, ervare taalpraktisyns wat ernstig is oor sperdatums en die aflewering van hoëgehaltewerk,” sê me Karien Redelinghuys, 'n bestuurder by CTrans. “Ons praktisyns herskryf niemand se werk nie; hulle bring verbeterings aan wat betref spelling, grammatika en taalgebruik. Hulle kan enige teks vertaal en redigeer – boeke, tydskrifte en pamflette, video of oudio – en ook subtitel-dienste lewer.”

As jy meer oor CTrans wil weet, besoek hulle gerus by www.nwu.ac.za/vtc_ctrans of stuur 'n e-pos aan 12692131@nwu.ac.za of 20393172@nwu.ac.za.

Kampus bemagtig vroue-entrepreneurs

Die Ondernemingsontwikkelingsentrum (ook genoem die Enterprise Development Centre – EDC), het onlangs besigheidsvroue wat aan die Ondernemende Vroue-program deelgeneem het, vereer tydens 'n glansgeleentheid by die Quest-konferensiesentrum in Vanderbijlpark.

Die doel van dié agt maande lange program is om vroue-entrepreneurs te help om hul doelwitte te bereik en hul sakedrome te verwesenlik. Tydens die glansgeleentheid is die deelnemers die kans gegun om hul besigheidsidees aan die gehoor – waaronder vooraanstaande lede van die besigheidswêreld en akademië – voor te lê.

Twee bekende entrepreneurs – me Esmé Young (Kleinsake-ontwikkeling, Sasol) en me Rania Ghniem (Anoud Educational Games, Pakistan) het die gehoor toegesprek oor die belangrikheid van entrepreneurskap en die uithouvermoë wat nodig is om 'n sukses te maak van 'n nuwe besigheidsinisiëf. Die Ondernemende Vroue-program word aangebied deur die bhive EDC, 'n eenheid binne die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, in samewerking met hul implementeringsvennoot, Aequis Consulting. Vir meer inligting oor die program, kontak Leonie@aequis.co.za of johann.landsberg@nwu.ac.za.

Konferensie oor ernstige speletjies sit kampus op wêreldkaart

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het geskiedenis gemaak deur die eerste internasionale konferensie oor ernstige speletjies (“serious games”) in Suid-Afrika aan te bied.

Die tema van die konferensie was “Serious Games to the Rescue”, en het gefokus op die waarde wat ernstige speletjies kan toevoeg deur leerders en studente te help om die geheimenisse van vakke soos wiskunde te ontrafel.

Afgevaardigdes van regoor die wêreld het die geleentheid bygewoon wat aangebied is deur die Serious Games Institute – South Africa (SGI-SA) by die Quest-konferensie-

sentrum in Vanderbijlpark. Die drie dae lange konferensie het 'n interaktiewe werkwinkel deur dr Ernest Adams, 'n wêreldbekende speletjieontwerper, ingesluit.

Die konferensie het 'n verskeidenheid voorleggings ingesluit – van speletjies vir wiskunde en leierskap tot meer fenomenologiese studies oor Suid-Afrikaanse gemeenskappe en hul toegang tot tegnologieë vir die doeleindes van ernstige speletjies.

'n Animasieateljee van Kaapstad, Sea Monster, het 'n omvattende aanbieding gedoen oor 'n ernstige speletjie oor huiseienaarskap – HOUZZ-IT – wat binnekort vrygestel gaan word.

Die konferensie het ook op huidige ernstigespeletjie-projekte in Suid-Afrika gefokus soos die SGI-SA se eie Mandela27 interaktiewe grafiese novelle en “Aliens on Campus”, 'n speletjievoorstel deur die Universiteit van die Wes-Kaap.

“Ons doel met die konferensie was om die belange van rolspelers in die akademie en die bedryf in hierdie relatief nuwe veld van ernstige speletjies in Suid-Afrika met mekaar te verweef. Ek glo dat – met die insette van die bedryf, ses verskillende akademiese instansies en gassprekers met uitgebreide ervaring in beide sektore – die konferensie wel so 'n platform kon bied,” sê mnr Werner Ravayse, bestuurder van SGI-SA.



**ONS
mense**

Fietsry is sy pad na gesondheid en geluk

In ons gereelde reeks artikels in Eish! fokus ons op die mense wat by die NWU werk en die dinge wat vir hulle in hul persoonlike lewe belangrik is. In hierdie uitgawe besoek ons 'n personeellid wat glo dat fietsry 'n uitstekende manier is om fiks en gesond te bly.

Jan is so gewild op die Vaaldriehoekskampus dat hy in 2011 die Persoonlikheid van die Jaar-toekenning gewen het. Prof Thanyani Mariba, kampusrektor, oorhandig die toekenning.

Toe hy 12 jaar oud was, het mnr Jan Tshabalala gereeld sy pa se fiets "geleen" vir plesierritte en nou, dekades later, is hy nog steeds 'n entoesiastiese fietsryer.

"Destyds kon ek nie eens die pedale bykom as ek gesit het nie; ek moes so staan-staan trap," sê hy. Maar dit het hom nie van stryk gebring nie. Hy het vroeg reeds besef dat hy nie juis 'n goeie atleet of sokkerspeler was nie, maar dat fietsry sy hart vinniger laat klop het.

Vandag, as nutsman by Tegniese Dienste op die Vaaldriehoekskampus, ry Jan elke dag werk toe met die fiets. Afhangende van die roete wat hy kies tussen sy huis in Sebokeng en die kampus, ry hy tussen 56 km en 72 km per dag, en partykeer pak hy selfs die langpad Johannesburg toe aan.

HOE DIE SPEKE BEGIN SING HET

Jan het fietsry as sport opgeneem nadat hy 'n fiets by mnr Duncan Viljoen, 'n voormalige

sportbestuurder op die kampus, present gekry het.

Hoogtepunte van sy fietsryloopbaan sluit in 'n vyfde plek in die uitmergelende 103 km lange Pick 'n Pay / The Star Fast One-resies in 2010. Verlede jaar was hy in die voorste groep fietsryers tydens die kampus-tot-kampus-resies toe die ongeluk hom tref: 'n stuk draad het in sy ratstelsel beland, en hy moes onttrek.

Vanjaar het hy al aan verskeie plaaslike fietsrygeleenthede deelgeneem "om fiks te bly", soos hy dit stel. Om fiks te word en gewig te verloor was juis twee van die redes waarom hy begin fietsry het.

"Ek was oorgewig en het aan die begin vreeslik gehyg, maar binne enkele maande het ek baie van die ekstra kilo's afgeskud. Fietsry is 'n uitstekende manier om fiks en gesond te bly."

DIÉ ERVARING

Jan se langtermyn doelwit is om aan die Cape Argus deel te neem, maar ongelukkig is fietsry 'n baie duur sport, en borge skaars. Behalwe vir die Cape Argus-droom wil Jan – 'n toegewyde gesinsman – graag sy talent

met township-kinders deel deur hulle aan te moedig om ook met fietsry te begin. Vir nou sal Jan en sy fiets 'n bekende gesig op kampus bly.



Mr Jan Tshabalala

As jy weet van 'n kollega wat iets besonder of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Willie du Plessis by willie.duplessis@nwu.ac.za.

Konferensie oor onderrig en leer floreer

Die jaarlikse Vakkundigheid van Onderrig en Leer-konferensie word elke jaar al hoe gewilder.

Vanjaar het 145 personeellede die vierde konferensie oor die Vakkundigheid van Onderrig en Leer (VvOL) bygewoon wat op 30 en 31 Oktober op die Mafikengkampus gehou is. Dit is 'n toename van 81,5% vergeleke met die 80 mense wat in 2011 die eerste konferensie bygewoon het.

Met die tema "Negotiating the interface between the curriculum and graduateness" het vanjaar se konferensie op graduandi-kenmerke en die kurrikulum gefokus.

Tydens die konferensie het die sprekers onderwerpe aangeraak soos die idee van "graduateness", graduandi-kenmerke en indiensneembaarheid, kurrikulumontwerp en die ontwikkeling van professionalisme, en modules wat ontwerp is om politieke, maatskaplike en etiese insigte by studente tuis te bring.

Alumni het ook in 'n paneelbespreking vertel hoe hulle die kurrikulums ervaar het terwyl

hulle by die NWU studeer het, en hoe dit hulle vir die wêreld van werk voorberei het. "Vanjaar se konferensie was 'n groot sukses," sê dr Muki Moeng, institusionele direkteur vir onderrig-leer. "Uit die gehalte van die konferensie-bydraes was dit duidelik dat VvOL besig is om

inslag te vind by die NWU." Volgende jaar is die NWU gasheer van die Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa (HELTASA) se konferensie op die Potchefstroomkampus. Dié konferensie sal die VvOL-konferensie vir 2015 vervang.



Opgewonde personeellede registreer vir die jaarlikse Vakkundigheid van Onderrig en Leer-konferensie op die Mafikengkampus. In die agtergrond gesels dr Muki Moeng, institusionele direkteur vir onderrig-leer, met prof Lumkile Lalendle, viserektor vir onderrig, leer en kwaliteitsversekering op die Mafikengkampus.

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



INSTITUSIONELE KANTOOR:

Me Andrie du Plessis,
senior administratiewe assistent,
Interne Oudit



MAFIKENGKAMPUS:

Mnr Oupa Bantsijang,
assistent, Biblioteek



VAALDRIEHOEKKAMPUS:

Me Margie Smith, senior
administratiewe assistent, Fakulteit
Geestes- en Sosiale Wetenskappe



POTCHEFSTROOMKAMPUS:

Mnr Craig Freeman,
administratiewe assistent,
Eenheid vir oopafstandslereer

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar volgende jaar wéér 'n kans om aan ons kompetisie deel te neem.

Wat ons kollegas *sê oor* ...

&

... hul **beste herinneringe** uit hul **KINDERJARE**



Dr Inge Venter, akademiese adviseur vir onderrig-ontwikkeling, Akademiese Steundienste, Potchefstroomkampus: "Die bydraes van kollegas oor hul kinderdae het weer herinneringe aan my kinderdae op 'n plaas in Namibië (toe Suidwes) wakker gemaak.

"My pa het met Afrikanerbeeste geboer in die noorde, nie ver van die Etosha Panne nie. Daar was wildehonde en luiperds op die plaas wat sy beeste en van die wild op die plaas gevang het.

"Sy plaashelpers het 'n elandkalfie en 'n gemsboklam na die huis gebring – vermoedelik het roofdiere hul ma's gevang. Dit was my ouers se taak om die weesdiertjies groot te maak en verdunde beesmelk met bietjie suiker by het hulle groot gekry.

"Hulle is in 'n kampie naby die huis gehou saam 'n skaap vir geselskap. My pa het later die gemsbok aan 'n dieretuin verkoop toe hy geniepsig met sy horings geraak het en my jonger broer byna raakgesteek het. Die eland is vir teeldoeleindes aan 'n wildspas verkoop.

"Ek onthou ook dat my pa die luiperd geskiet het omdat die dier sy kalwers gevang het. Die vel is daarna gebrei en het op die vloer gelê; baie mooi en tog 'n bietjie hartseer.

"Dit was 'n sorgvrye en avontuurlike kindertyd. Dalk is daar nog oud-Namibiërs onder ons kollegas en dalk kan ons 'n klub stig, Brötchens (broodjies) en Bratwurst (worsies) eet en Windhoek-bier saam drink."



Me Safiya Waja, administratiewe beampte, Be-marking en Kommunikasie, Potchefstroomkampus: "My gunstelingherinnering is van my en my suster wat altyd by die hek gestaan en wag het vir ons oupa. Ek was vyf jaar oud en my suster was drie.

"Dan het hy daar opgedaag met 'n massiewe Simba-lorrie en ons het geïll van plesier. My oupa was vriende met die Nik Naks-man en die Simba-man, en hulle het elke Vrydag kom kuier en allerhande geure tjijs saamgebring. Ons oupa was beslis ons held."

... wat hulle **NIE** wil hê in **2015** nie



Mnr Angelo Harwood, kassier vir ontvangbare rekenings, Studentegelde en Debteure, Potchefstroomkampus: "As daar één ding is wat ek nie wil hê nie, is dit nóg 'n aardbewing wat vir 40 sekondes lank aanhou, soos die een in Augustus."



Mnr Mhlophe Keebine, dosent in Vredestudies en Internasionale Verhoudinge, Skool vir Geesteswetenskappe, Mafikengkampus: "Daar is verskeie goed wat ek nie wil sien gebeur nie, naamlik te veel werk vir akademiese personeel, ongunstige vergoeding- en belastingaanpassing vir werknemers, en 'n gebrek aan geld vir beurse en personeelontwikkeling."



Mnr Phillip Mofokeng, Administratiewe assistent/bode, Skool vir Chemiese Ingenieurswese, Potchefstroomkampus: "Studente moenie visie kortkom in 2015 nie. Hulle moet ook nie 'n gebrek hê aan krag, moed en wysheid nie.

"Die Bybel sê as iemand wysheid kortkom, moet hy dit vir God vra, wat oorvloedig sal gee vir almal wat vra (Jakobus 1:5). Dit is nie goed om 'n gebrek te hê aan enige van hierdie belangrike eienskappe nie.


"Ek wil ook nie hê dat die NWU waardigheid moet kortkom nie."



Die gelukkige wenner van 'n koopbewys ter waarde van R250 is me Michelle Davel, onder-

houdsbeampte, Inwoning en Voedseldienste, Potchefstroomkampus, wat in die vorige Eish! haar herinneringe uit haar kinderdae met ons gedeel het.

Wie het die



3: Skitterend, geheimsinnig en gemasker – prof Dan Kgwadi, die vise-kanselier (heel regs) en die personeel van Mensekapitaal doen dit reg. Agter van links is mnr Tumi Tshaka, me Evalancia Jones, me Earl Riddles, me Lionel Eksteen en prof Dan Kgwadi. Voor is me Thato Tlhabanyane, me Esme Labuschagne en me Alta Fourie.

Vrydag 5 September was weer Loslitdag. NWU-personeellede het voluit gewoek met die tema “Bring on the bling” ter ondersteuning van hierdie jaarlikse inisiatief van die Nasionale Raad vir Persone met Fisieke Gestremdhede in Suid-Afrika.

Hier is ‘n paar van ons gunsteling! (Baie dankie vir almal se oorweldigende reaksie en deelname – dis baie duidelik dat julle harte warm klop vir ‘n goeie doel.)

1: Hierdie klomp laat dit goed lyk om sleg te wees. Ontmoet die Webkantoor se stylvolle rampokkers – me Ronel Röscher, me Moira Müller, me Géna Thompson en mnr Cobus Steenkamp.

2: Dr Alvera Visser en me Geraldine Gerhardi van IT Sentraal en mnr Victor Mothobi, institusionele direkteur van Mensekapitaal gaan groot.



1: Mnr Craig Freeman van die Eenheid vir Oop Afstandsleer en me Nandi Mintoli van die Toelatingskantoor sit hul beste voetjie voor.

2: Personeellede van die Administratiewe Kantoor blink in helder kleure, trots gewapen met hul Loslitdagplakkers.



beste GEBLINK?



1: Die Ingrypsentrum, deel van die Studente-voorligting, wys hulle het gees. Agter, van links na regs, is me Ilana Coetzee, me Tarryn Nel, me Anretha Joubert, mnr Harm Stavast, me Chrisna van der Walt, me Nadia van den Berg, prof Nic Kotze en me Shanae Theunissen. Voor is me Corrie Rheeder, me Blanch Carolus, me Petro Boshoff en me Leonie Lubbe.



POTCHEFSTROOM

2: En die personeel van Ingryp doen dit weer! Speels, prettig en blink, somer alles gelyk. Van links is mnr Hannes Greyling, me Petro Boshoff, mnr Nic Smith, me Blanch Carolus, mnr Andrew Stewart en me Anretha Joubert.



3: Die blinkfeë en BBP's is in die huis! Me Lize dos Santos, mnr Corné de Wee en mnr Thembsile Tekane van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe glinster met hul sjarme.

1: Mnr Ujeet Maharaj van Akademiese Administrasie wys dat selfs Superman soms ietsie in blinkgoud verkies.

2: Die Loslittedagspan moet dalk vir me Poppy Narenti en me Deliwe Msibi van Bemarking en Kommunikasie vir volgende jaar se fondsin-samelingspoging inspan – hulle sal enige veldtog woema gee.

3: Me Sonette Ferreira van Akademiese Administrasie skitter vir mense met gestremdhede.

4: Me Kinga Siejek en me Magdel van Rensburg van Bemarking en Kommunikasie sit 'n jazzierige kinkel in hulle blink.



TOETS TOON DIE LEWER SE REAKSIE



Die gemiddelde menslike liggaam kan nie meer self die toksines wat in moderne kos, medisyne, grond, water, diervoer en die lug voorkom, doeltreffend hanteer nie. Om sake te vererger, oorskry die vloed van chemikalieë die lewer se vermoë om hierdie toksines te verwyder – 'n proses bekend as biotransformasie.

“Ons het 'n stel biotransformasietoetse ontwikkel om die belangrike reaksies in die lewer te kontroleer,” sê mnr Lardus Erasmus van die Biotransformasie-afdeling by die Sentrum vir Metabonomika op die Potchefstroomkampus.

Hierdie toetse is ontwikkel tydens die “Biomarkers of Oxidative Stress Status Study” (BOSS). Die BOSS-toets self bestaan uit twee dele: 'n kliniese vraelys-gedeelte oor die proefpersoon se leefstyl en mediese simptome, en 'n biotransformasietoets.

Die BOSS-toets word regoor Suid-Afrika gebruik, hoofsaaklik om mense by te staan wat aan chroniese moegheid ly.

“Sodra die toetsuitslae beskikbaar is, is dit moontlik om 'n ingeligte besluit te neem oor wanbalanse en moontlike behandeling,” sê Lardus. Die volledige artikel is hier beskikbaar:

